SKOLE
ondersteuningsentrum

Mediaverklaring

Skooltoelatings moet taal in ag neem

2021/04/21

Die sentralisering van mag oor skoleplasings deur die Departement van Onderwys (DBO) het reeds nadelige gevolge vir skole ingehou. Die voorgestelde toelatingsbeleid het ten doel om selfs méér mag aan die DBO te gee.

“Dit is belangrik om te onderskei tussen ŉ toelatingsbeleid en ŉ taalbeleid. Beide beleide vind hul oorsprong in Suid-Afrikaanse Skolewet, maar dit gebeur dikwels dat skole en selfs die onderwysdepartement die twee verwar. Elke skool MOET ook ŉ taalbeleid hê.” So sê adv. Albert Lamey, ŉ ervare advokaat en kenner oor skolewetgewing. Hy het vandag tydens ŉ leierskapwebinaar, aangebied deur die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS), vrae en bekommernisse rondom die voorgestelde toelatings- en taalbeleide bespreek.

Volgens adv. Lamey mag geen beleid gemaak word wat strydig is met wetgewing of die Grondwet nie. Hy meen die voorgestelde nasionale toelatingsbeleid moet gesien word as ŉ beleidsraamwerk en daarom is dit nie bindend nie. Skole moet die beleid as leidend of rigtinggewend beskou, maar waar dit teenstrydig met die provinsiale regulasies is, moet die regulasies eerder gebruik word. Skole moet onthou om in hulle toelatingsbeleid ŉ taal- en godsdiensbeleid in te sluit en word aangeraai om eksterne hulp met die opstel hiervan in te win indien nodig. Hierdie dokumente is baie belangrik vir nuwe beheerliggame wat vanjaar landswyd verkies word.

Ten slotte meen adv. Lamey dat ons openbare skolemodel gebaseer is op ŉ vennootskapverhouding en dat dit die DBO en skole se grondwetlike plig is om met mekaar saam te werk. Die departement moet dus nie as ŉ baasspelerige staatsentiteit gesien word nie.

Angie Motshekga, die minister van basiese onderwys, het dié voorgestelde toelatingsbeleid vir gewone openbare skole in Maart vir kommentaar gepubliseer. Indien die beleid aanvaar word, sal dit verreikende gevolge vir die manier waarop skole hul eie toelatings- en taalbeleid mag bepaal, inhou.

Medianavrae kan gerig word aan:

SKOLE
ondersteuningsentrum

Sarina Prinsloo
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za